# Hoofstuk van die dag: Nehemia 7

> *Ek het […] Gananja, die bevelvoerder van die vesting, oor Jerusalem aangestel. Hy was immers ’n betroubare man en het meer ontsag vir God gehad as die meeste mense. (vers 2)*

Wat ’n besondere getuigskrif gee Nehemia oor Gananja (vers 2)!

Dis iets wat van ons elkeen gesê moet kan word. Mag dit van jou ook waar wees!
Die muur is in ’n rekordtyd voltooi, maar die stad was nog nie herbou nie (vers 4). Daar het min mense in die stad gewoon, want sonder mure was dit onveilig. Dié wat uit Babel teruggekeer het, het daarom eerder in die platteland gaan woon. Dít moes reggestel word.
As godvresende man bely Nehemia dat dit God se plan was (vers 5). Hy gebruik hiervoor ’n lys wat byna 100 jaar oud was. Ons slaan gewoonlik vandag dié soort lyste in die Bybel oor, maar dit vervul tog ’n waardevolle rol. God vergeet nie een van sy kinders nie. Die name van dié wat aan die Here behoort, word van die skepping af geskrywe in die boek van die lewe (Op 13:8, vgl Jes 49:15-16). God, wat deur al die eeue oor die wêreld regeer, is oor die name van sy kinders tot in die kleinste besonderheid toe getrou – ook oor jou.

© Bybelkoerant 2018 – 2026